

Maak Die Romantiese Kopstuk.

Met Februarie wat as die maand van liefde bekend staan, kan jy dalk jou kreatiwiteit inspan en 'n gewone kopplank stoffeer om 'n romantiese fokuspunt in jou slaapkamer te skep. Die mates vir die kopplank is vir 'n dubbelbed. Meet die breedte van jou bed om te bepaal hoeveel hout, spons en materiaal jy nodig het.

Jy benodig:

1420 x 620 x 750 mm-stuk hoëdigheidspons;
1420 x 620 x 18 mm-stuk spaanderbord;
1800 x 1000 mm-stuk stoffeerstof met 'n jacquard-patroon;
kramgeweer en krammetjies;
1350 x 550 mm-stuk buldenim;
twee 1100 x 450 x 22 mm-dennehoutstrookplanke (stutte);
boor en 5 mm houtboorpunt en 10 x 5 mm skroewe en skroewedraaier.

So maak jy:

Sit die hoëdigheidspons op die spaanderbord. Bedek die spons en spaanderbord met die stoffeermateriaal - vou die hoeke netjies in. Maak seker dieselfde hoeveelheid materiaal word aan al vier sye oor die spons omgevou. Kram die voue by die hoekrande met 'n kramgeweer vas.

Vou die rafelrande van die buldenim in en pars. Sit die buldenim teen die agterkant van die spaanderbord sodat dit die omgevoude dele van die stoffeermateriaal bedek. Kram die buldenim vas - die krammetjies moet ongeveer 30 mm uitmekaar wees.

Sit die dennehoutstrookplanke teen die agterkant van die kopplank, ongeveer 200 mm van elke kant en 120 mm van die bokant. Boor twee gate aan die bokant van die stutte, nog twee waar die stutte by die basis van die kopplank kom en een in die middel tussen die twee plekke.

Skroef die stutte aan die kopplank vas - maak seker dat die skroewe is styf in die spaanderbord geskroef.

Versierings:

Stroke organza-materiaal in 'n verskeidenheid kleure; organza-lint in 'n verskeidenheid kleure en breedtes; oorskiet lap; bypassende masjiengare en 'n sigaretaansteker.

Rosette: Vou 'n strook materiaal of lint in 'n blomvorm - begin in die middel en werk na buite. Soos jy vou, moet jy die vorm aan die onderrand met 'n paar netjiese stekies heg. Die breedte van die materiaal of lint bepaal die grootte van die blom.

Blomme:

Knip die vorm van 'n blomblaar uit en skroei die rande met 'n sigaretaansteker sodat die blare omkrul. Maak nog 'n paar blomblare en sit dit in lae bymekaar om 'n blom te vorm. Gebruik verskillende materiale of kleure vir ekstra interessantheid. Werk die lae met bypassende masjiengare aan die agterkant van die werk aanmekaar. Werk die blomme en rosette netjies met die hand aan 'n hoek van die kopplank vas.

Wenk:

Stoom die materiaal terwyl jy werk (veral om die hoeke) sodat daar nie kreukels is as die kopplank klaar is nie.

Bron: *dit idees*, Februarie 2007